MOI
Moedertaal
Ontwikkeling
Inisiatief

BESTUUR DEUR ATTERBURY TRUST



# 2025

# MOI Oorsig

MOI, gevestig in 2020, is 'n omvattende hoërskoolbeursprogram wat gerig is op ondersteuning aan verdienstelike, bruin Afrikaanssprekende leerders met sterk leierseienskappe, goeie karakter en die wil om te leer en presteer, maar finansiële hulp benodig om hulle skoolloopbane suksesvol te kan voltooi.

MOI se beursprogram is 'n holistiese program wat leerders nie net finansieel ondersteun nie, maar ook kognitief, emosioneel, fisies en geestelik. Alle professionele dienste wat 'n leerder benodig vir langtermyn ontwikkeling word gelewer deur spesialis dienste, wat onder andere insluit loopbaanvoorligting, leierskapsontwikkeling sowel as mentorskapprogramme en holistiese welstandsprogramme. MOI se koördineerders van die Leerderondersteuningseenheid en Mentorskapprogram bied ondersteuning aan leerders om struikelblokke te oorkom.

MOI het tans 81 leerders in 14 hoërskole in Stellenbosch, Paarl, Durbanville, Strand, Somerset-Wes en Kaapstad met 'n 100% slaagsyfer vir die afgelope vier jaar.

## Alle aktiwiteite en interaksies word gebou op die kernwaardes van MOI:

Nederigheid - Om ander hoër as jouself te ag.

Waagmoed - Om in geloof te leef, ongeag omstandighede.

Vennootskap - Samewerking met 'n gemeenskaplike doel.

Uitnemendheid - Om te strewe om deurgaans jou eie verwagtinge te oortref.

Rentmeesterskap - Verantwoordelike bestuur van my gawes en hulpbronne deur self daarmee te woeker en te fokus op 'my verantwoordelikheid' eerder as 'my reg'.

# Beste MOI – Ambassadeurs

Welkom MOI-ambassadeurs en 'n spesiale welkom aan ons nuwe Graad 8 MOI-beurshouers. Baie geluk, jy is een van 'n handjievol talentvolle leerders wat uitgekies is om jou hoërskoolloopbaan met al die nodige ondersteuning by jou droomskool te begin. Wees verseker dat dit die mees opwindende fase van jou hele skoolloopbaan sal wees.

Nuwelinge, julle staan aan die begin van 'n wonderlike ontdekkingsreis en ons gaan elke tree van die pad saam met julle stap.

Die feit dat jy gekies is, beteken jy is 'n uitskieter. Stel jou doelwitte in die lewe en maak seker dat jou keuses jou nader bring na jou doelwitte. Dit gaan 'n avontuurreis wees met vele uitdagings en baie aanpassings, maar uiteindelik sal dit die moeite werd wees!

Elkeen van julle is met die hand uitgesoek en julle aanlegtoetse het getoon dat julle presteerders en leiers is. Ons glo in jou! Die vraag is, glo jy in jouself?

Leerders, ons wil julle aanraai - raak deel van die skoolkultuur deur in te skakel in kuns, kultuur, sport en gemeenskapsinisiatiewe. 'n Gesonde en suksesvolle leier is 'n gebalanseerde en geïntegreerde individu wat in elke area van jou lewe groei en ontwikkel. MOI belê in toekomstige leiers wat 'n positiewe impak sal maak op gemeenskappe en ons land en sodoende bydra tot versoening en nasiebou.

"Positiewe morele waardes lei tot positiewe denke; positiewe denke lei tot positiewe besluite; positiewe besluite lei tot positiewe gedrag.
Dit dra by tot gesonde families/skole/besighede wat oorvloei na gesonde gemeenskappe en die land"

Die MOI-span is daar om jou op hierdie reis te begelei en sien daarna uit om elke groei-oomblik saam met jou te beleef.

Geniet die "moi" van jou hoërskoolloopbaan met die wete dat God elke oomblik met jou is! Ons wens jou alle voorspoed, sterkte en sukses toe vir jou vyf jaar lange reis deur die hoërskool.

.

# Inhoud


Welkom by Moedertaal Ontwikkeling Inisiatief (MOI) ........ 1

Kommunikasie met die koördineerders ........ 2

Holistiese welstandsprogram ........ 3

Dissipelskapprogram ........ 4

Leierskapontwikkelingsprogram ........ 4

Vakkeuse en loopbaanvoorligting ........ 5

Leerderondersteuning ........ 8

Mentorskapprogram ........ 11

Heraansoeke en handhawing van vereistes ........ 12

Afsluiting ........ 13

Klas van 2024 ........ 14

# Welkom
## by die Moedertaal Ontwikkeling Inisiatief (MOI)

By MOI gaan jy die kans kry om jouself te ontdek en jou eie denke te slyp. Hier gaan jy uitgedaag word om hoër te mik en om elke geleentheid aan te gryp! Jou hoërskoolloopbaan is die begin van jou volwasse lewe en om jou drome te bewaarheid. Jou ambisie om 'n entrepreneur, die beste onderwyser, dokter, ingenieur, wetenskaplike te word – net watter beroep jy ookal oor droom – dis alles binne jou bereik. Maar dan moet jy self verantwoordelikheid daarvoor neem.

Ons wens jou alle sukses toe met jou studies met die vertroue dat jy in die komende jare jou volle potensiaal sal bereik.

# Kommunikasie
## met die koördineerders

Pak elke geleentheid aan met 'n positiewe ingesteldheid en moet nooit huiwer om hulp te vra vanaf die wyse volwassenes (ouers, MOI-koördineerders, onderwysers, sport- en kultuurafrigters) wat jou sal help om ingeligte keuses te maak nie. Ons is jou grootste aanhangers en wil deel in jou drome, vreugde en teleurstellings en ons is daar om jou deurentyd aan te moedig en te ondersteun.

Kommunikasie met jou koördineerder(s) is van kritiese belang sodat hy/sy jou die nodige ondersteuning kan bied. Daarom is dit raadsaam om seker te maak dat jy gereeld met jou koördineerder in aanraking kom en hom/ haar op hoogte hou van jou uitdagings asook jou oorwinnings. Dit is ook belangrik dat die koördineerder(s) ten alle tye ingelig is van jou korrekte kontaknommer asook dié van hul ouers. Goeie kommunikasie tussen die koördineerder, leerder, ouers en onderwysers is 'n goeie praktyk vir 'n volhoubare vertrouensverhouding.

As jy enige uitdagings ondervind, is dit belangrik dat jy jou koördineerder(s), ouers en onderwysers vir advies nader.

In die geval van nood-situasies na ure, kontak gerus die Leerderondersteuningseenheid indien jy nie dadelik jou koördineerder in die hande kan kry nie.

Die noodnommers (WhatsApp):
064 801 9974 / 066 101 5877

# Holistiese welstandsprogram

By MOI streef ons daarna om omvattende ondersteuning aan ons leerders te bied en fokus dus nie net op jou akademiese prestasies nie, maar ook op jou holistiese welstand. Welstand is 'n aktiewe proses waartydens jy bewus word van die moontlikheid tot 'n gesonde, gebalanseerde en vervulde lewe, en leer om die regte keuses te maak om daardie lewe te lei.

Die welstandsprogram wat deur MOI geskep is, is 'n selfonderhoudende en graadgerigte program om ons leerders met hulle holistiese welstand te help. Hierdie program sluit emosionele, fisiese, sosiale en geesteswelstand in. Die welstandsprogram word deurlopend gemonitor en aangepas om aan die huidige skoliere se behoeftes te voorsien. Leerders word aangemoedig om ook gebruik te maak van die dienste van die skoolberaders by hulle skole. Die beraders is redelik beskikbaar en is juis daar om leerders te ondersteun in beide akademiese en persoonlike aspekte van hulle lewe.

Die welstandsprogram bied vaardighede en wenke waar nodig, aktiwiteite, die skep van kleiner fokusgroepe, moontlike werkswinkels en verwysing na 'n multifunksionele span indien verdere ondersteuning benodig word. Die doel van die program is om leerders buite hulle akademiese vorming te bemagtig sodat hulle 'n selfbewussyn kan ontwikkel om hul holistiese welstand self te kan bestuur. MOI voorsien alle leerders op die program met 'n mediese fonds deur Compcare op die NetworX-opsie. Compcare NetworX is spesifiek ontwerp met jongmense in gedagte en bied noodsaaklike dekking deur bepaalde netwerk-diensverskaffers.

Vir meer besonderhede, raadpleeg die brosjure soos aan jou verskaf en gesels gerus met jou koördineerder indien jy navrae wil rig aan Compcare.

Beradingslyn (24 uur beskikbaar): 0800 390 003

Compcare: 0861 222 7777

# Dissipelskapprogram

MOI leerders se deelname aan alle MOI programme en blootstellings is verpligtend. Dit sluit programme in wat gefokus is op geestelike- en karakterontwikkeling asook lewensvaardighede. Hoërskoolfase is die begin van volwassenheid en dit beteken dat jy met komplekse vrae en lewensuitdagings gekonfronteer gaan word. MOI Dissipelskapprogram bied jou die vaardighede en gereedskap ter ondersteuning aan gesonde lewensbesluite.

Die dissipelskapprogram sluit 'n Bergskool in vanaf Graad 8 wat hulle verder voorberei vir die oorgangsfase vanaf kind na jongvolwassene.

## Wat kan jy doen?

As jy glo dat God jou goed en perfek gemaak het, sal jy nooit weer jouself minderwaardig ag nie. Hier is 'n paar praktiese wenke:

- Besef en erken eerstens dat dit nie die waarheid is dat jy minderwaardig aan ander is nie.
- Identifiseer hoe dit jou laat voel en wanneer jy die eerste keer so gevoel het.
- Is dit veroorsaak deur 'n persoon of 'n moeilike situasie?
- Omring jouself met positiewe mense wat vir jou omgee.
- Moenie wegkruip nie, brei jou horisonne uit.
- Praat met iemand wie jy vertrou oor hoe jy voel.
- Moenie jouself met ander mense vergelyk nie, elke persoon is uniek.
- Praat met God, bid en vra hom om jou te lei.

# Leierskap
## Ontwikkelingsprogram

Ons fokus is nie net om jou akademies te ontwikkel nie, maar om jou in 'n toekomstige leier met 'n sterk geestelike onderbou te ontwikkel. As toekomstige leiers van ons samelewing, wil ons toesien dat ons leerders erkende leiers word wat met integriteit die leiding neem op plaaslike, nasionale en internasionale vlak. Ons leierskapsontwikkelingsmodel is op drie pilare gegrond: 'Lei Jouself', 'Lei Ander' en 'Lei die Samelewing'.

# Vakkeuse
## en loopbaanvoorligting

Loopbaanvoorbereiding behels baie meer as net om die regte werk te kies. Die beginpunt is om te weet 'wie ek is' en dan 'n gepaste loopbaan te kies wat die beste by my menswees en drome pas. Talle faktore speel 'n rol in die proses om 'n suksesvolle beroepskeuse te maak. Een van die eerste oorwegings is 'n realistiese en ingeligte vakkeuse vir graad 10 tot 12.
'n Leerder se vakkeuse is belangrik vir 'n gegewe toekomstige loopbaan en moet daarom deeglik oorweeg word. Jou vasberadenheid en prestasie in elk van jou vakke sal bepaal tot watter tersiêre studieveld jy toegang sal verkry. Spesifieke loopbaanvelde het minimum toelatingsvereistes wat jy in gedagte moet hou wanneer jy jou vakke kies, want die verkeerde vakkeuse kan jou toekomstige studie-opsies beperk.

Dit is nie ongewoon om op hierdie ouderdom nog onseker te wees oor jou moontlike loopbaan nie. Indien dit die geval is, is dit belangrik om vakke te kies wat jou in staat sal stel om verskillende moontlike loopbane te kies.
Voordat jy jou vakke vir graad 10 tot 12 kies, moet jy jou belangstellings in ag neem, jouself leer ken, loopbaangeleenthede verken, inligting versamel oor beskikbare opsies en uitvind wat die vakvereistes vir die verskillende loopbaan-/studierigtings is.

Voorbereiding vir 'n loopbaan vereis dat jy voortdurend jou kennis oor jouself moet uitbrei en loopbaanverwante inligting moet evalueer, terwyl jy die breër konteks van verandering in ag neem.

As jy jou voorberei om ná skool verder te studeer, is beroepsvoorligtingsevaluering belangrik, aangesien die uiteindelike doelwit is om 'n loopbaan te vind wat die beste by jou pas. Dit is 'n deurlopende proses wat vereis dat jy na moontlike kursusse en loopbane kyk wat by jou persoonlikheid, belangstellings, en dit waarvoor jy aangelê is, sal pas.

Psigometriese toetsing sal jou help om meer helderheid oor jouself te kry wanneer jy vakkeuses en loopbaankeuses moet ondersoek. Die resultate van so 'n assessering sal jou help om meer bewus te wees van jou sterkpunte,

ontwikkelingsareas, voorkeure en prioriteite. Op sy beurt bemagtig dit jou dan om ingeligte en doeltreffende keuses te maak.

## Voordele van vakkeuse- en loopbaanvoorligting

Beroepsvoorligters doen assesserings om leerders te help om hulle sterkpunte, areas vir ontwikkeling asook hulle vaardighede te verstaan. Dit sal dan leerders in staat stel om dit te pas by hulle belangstellings sodat hulle ingeligte beroepskeuses kan maak.

Beroepsvoorligters hanteer assessering van jou belangstellings wat op sy beurt jou belangstellingsvelde bevestig en jou help om beroepe te vermy wat jy nie sal geniet nie. Dit brei jou kennis oor jouself uit en herbevestig jou belangstellings.

Talle skoliere maak klaar met skool sonder enige hulpbronne of voorligting oor werksgeleenthede en het net 'n vae kennis daaroor. Hulle het min insig oor die geskikste loopbaanrigting wat by hulle vermoëns, belangstellings en persoonlikheid sal pas en word uiteindelik gefrustreerde en onvervulde werknemers.

Beroepsvoorligters rus jou toe met kennis en hulpbronne sodat jy 'n ingeligte loopbaanbesluit kan maak. Hulle kies nie 'n spesifieke loopbaan vir jou nie, maar bied aan jou keuses wat jy moontlik al oorweeg het of dalk nie, en bied jou hulpbronne en ondersteuning sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem. Onthou dat MOI deurentyd daar is om jou te ondersteun en by te staan met jou vakkeuses en loopbaanvoorligting en -beplanning. Dit is iets om na uit te sien!

## Verpligte interaksies met MOI leerders/ouers/skole:

**Werkswinkels:** Gemeenskapuitreike en Karakterontwikkeling: Weeklikse sessies per Graadgroep

**Leierskapsnaweek:** Langnaweek gedurende 'n skoolvakansie

**Blootstellings:** Kuns/kultureel en PRET

**Tuisbesoeke:** Tuisbesoeke per Graadgroep

**Skoolbesoeke:** Gereelde kontak met graadhoofde

**Telefonies:** Gereelde kontak met leerders, ouers en skole/koshuise













# Leerderondersteuning

## Finansies

Elke student ontvang 'n begroting vir die jaar wat vir die koste van items soos skoolfondse, koshuis, handboeke, skryfbehoeftes, skooluniform, sport, kuns & kultuur en vervoer voorsiening maak.

Alle versoeke vir betalings moet vooraf aan jou koördineerder gekommunikeer word. MOI is nie verplig om enige betalings te maak, indien daar nie vooraf goedkeuring daarvoor gegee is nie.

Daar is 'n betalingsprosedure wat gevolg moet word. Vir betalings word die volgende dokumente benodig:

Faktuur vir betaling moet aangevra word;
Bevestiging van bankbesonderhede (bankkaart, gestempelde bankstaat of bankbrief word vir alle betalings benodig).



# Betalingsprosedure

STAP 1: Is dit 'n skool- of akademies verwante uitgawe?

**JA**
Gaan na Stap 2

**NEE**
Skakel met jou koördineerder om die uitgawe te bespreek.

STAP 2: Begunstigde

Is dit 'n diensverskaffer?
**JA**
Gaan na Stap 3

Is dit 'n terugbetaling/eis?

Rede vir die eis?
Bevestig met jou koördineerder.
Na watter rekening moet die betaling gedoen word?
Is die bankbesonderhede bevestig?

STAP 3: Kwotasies

Het jou skool 'n diensverskaffer?
**JA**
Kry kwotasie van items benodig.

Geen voorkeur diensverskaffer?

Kry kwotasies van diensverskaffer:
2 kwotasies vir onder R1000
3 kwotasies vir bo R1000

STAP 4: Vooraf-goedkeuring

Jou koördineerder moet die uitgawe bevestig en jou in kennis stel indien enige addisionele inligting ontbreek soos bv. bankbesonderhede.

STAP 5: Betaling

Direk aan verskaffer:
Faktuur en bevestiging van bankbesonderhede benodig.

Terugbetaling:
Verskaf bewys van betaling en bevestig jou bankbesonderhede aan jou koördineerder.

Betalingsversoeke/eise moet minstens vyf werksdae voor betaaldatum ingedien word. Alle betalingsversoeke/eise moet duidelik die datum van betaling aandui. Bevestiging van bankbesonderhede by wyse van bankkaart of bankbrief.



Indien enige van die bogenoemde stappe ontbreek, word die betalingsproses herhaal.

## Akademiese sake

Indien jy enige vakveranderinge maak, moet jy ons raadpleeg sodat ons die proses kan ondersteun en jou van leiding en raad kan voorsien. Jy moet eers vir MOI raadpleeg voordat enige wysigings aan jou akademiese sake gemaak word.







# Mentorskapprogram

MOI-leerders word aangemoedig om aansoek te doen, teen die middel van Graad 10, om aan die Mentorskapprogram deel te neem, aangesien dit verseker dat daar persoonlike eienaarskap tot hul ontwikkeling is. Ons graad 12 leerders wat hulle hoërskoolloopbaan voltooi het, keur terug as mentoors vir die senior leerders.

Terugvoer is 'n kritieke deel van die moniteringsproses en mentors word gevra om een keer per kwartaal formele terugvoering te gee. Die programkoördineerder maak hierbenewens ook een keer per kwartaal informeel kontak met alle mentors en hulle leerders, ten einde die verhoudings noukeurig te monitor en om enige sake waaroor hy/sy besorgd is onder die organisasie se aandag te bring, sodat dit betyds hanteer kan word. Mentors word ook versoek om oor prestasies verslag te doen sodat dit ook gevier kan word en erkenning gegee kan word.



# Heraansoeke
## en handhawing van vereistes

Daar word van leerders verwag om jaarliks weer vir die omvattende beursondersteuning aansoek te doen deur 'n aansoekvorm en stawende dokumente in te dien. Dit stel MOI in staat om op hoogte te bly van jou nuutste inligting. MOI-leerders hoef nie weer die psigometriese assessering en onderhoudprosedure te doen nie.

e-pos: moi@atterbury.co.za



**Jenene Petersen**
MOI-Programbestuurder



**Simonet de Villiers**
MOI-Projekkoördineerder



**Zahn Hulme**
Uitvoerende Trustee:
Atterbury Trust



**Surisa Schwalb**
Atterbury Wes-Kaap
Finansies en Projekte

# Afsluiting

MOI is opgewonde om jou by ons familie te verwelkom en jou aan te moedig om jou oorwinnings, suksesse en beproewinge met ons te deel. Ons wil die reis saam met jou meemaak – die suksesse sowel as die teleurstellings daarvan. Ons moedig jou aan om die kommunikasiekanale oop te hou en in kontak te bly met die koördineerders en ondersteuningspan wat by MOI tot jou beskikking is.

'Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou?
Deur hom te hou aan U woord!'
Psalms 119:9








# Klas van 2024


Quade Matjan


Ridhaa Bushby


Keagan Hendricks


Nokio Appollis


Kyle Mowers


Tasmin Saulis


Shannon Otto


Devante Boonzaaier


Shereney Willemse


Asheeq Fortuin


Nashreen van Boom


Antonio Robertson


Miké Adams


Jayden Pekeur


Viné Mars


Tyresse Abrahams


Cleo Fourie


Le-Keshia Daniels


Suri-Sukenzi Matthews


Trisha-Lee Josephs


Cara Hector


Shadé Diedericks


Jaydene De Kock


Lieschen Roberts


Ruleecia Daniels


Viaan Mentoor


Tatum Ferrier


Ellen Jurgens


Zoë September


A-jay Abrahams


Ronaldo Windvogel


Abbey Jansen


Lea Lotz


Chesnique Engelbrecht


Jayte Christiaans

# 81 beurshouers


Jaydrian Botes


Mishan Jacobs


Chloë Jacobs


Rogue Roux


Tasnique Plaatjies


Aquilah September


Marilee September


Autumn Mitchell


Ischke Antonie


Chandré Olckers


Sakira Fredericks


Ethan Adams


Jonathan Pieters


Jackwin Olyn


Ashley Grootboom


Haydé Apollis


Taneeka King


Damien Davids


Norica de Klerk


Kesha Jacobs


Haylee Gordon


Reecha Valentyn


Caylin Wildskut


Herchelle Christians


Logan Marthinus


Ruché-Né Meyer


Tyra Swarts


Lekeashia Roode


Zayden Jacobs


Alnecha Tromp


Whitly Juries


Simeulida Petersen


Carla Skippers


Willicia Beukes


Rakeisha Jacobs
























MOI Moedertaal Ontwikkeling Inisiatief

BESTUUR DEUR ATTERBURY TRUST

ATTERBURY TRUST

atterburytrust.org/moi/

**'Soos ons ons eie lig laat skyn, gee ons onbewustelik aan ander toestemming om dieselfde te doen.'**

**Nelson Mandela**